BYBELSTUDIE HEBREËRS 3:7-19.

In 3:7-19 gebruik die skrywer 'n aanhaling uit die Ou Testament om die dae van Moses en die volk van God in die woestyn te vergelyk met die *nou*, die nuwe bedeling van Christus. Deur ongeloof in God, deur opstand teen Hom, het die Israeliete God se belofte van die Beloofde Land Kanaän versmaai en is gevolglik daarvoor gestraf. Die gemeente van Hebreërs en die Kerk van die Nuwe Testament, is besig met 'n nuwe eksodus onder leiding van die Seun van God. Iemand wat hierdie belofte van sy Koninkryk gaan versmaai, gaan swaar gestraf word. Die lesers moet onthou dat Christus nie 'n dienskneg soos Moses is nie, maar die eie Seun van God.

1. Vers 7-11 is 'n aanhaling van Psalm 95:7-11. Oor watter deel van Israel se geskiedenis word hier gepraat? [Let op vers 8 en 9].

.....

.....

2. Die skrywer gebruik Israel se swerftog in die woestyn as 'n waarskuwende voorbeeld vir die lesers se situasie [4:11]. Tussen Israel se woestyngeskiedenis en die Hebreërgemeente se situasie is treffende ooreenkomste. Voltooi die volgende:
   - Soos Israel is die gelowige op pad na ‘'n beloofde land. Waar is ons beloofde land?

     .....

     .....

   - Vir Israel was die woestynreis geen piekniek nie. Dit was gekenmerk deur swaarkry en krisisse.
     Sou u ons lewe op aarde as ‘'n woestynreis tipeer?
     Wat sê u van die volgende stelling: voorspoedevangelie moet van die kansels verkondig word. Dit moet mos goed gaan met Christene!

     .....

     .....

   - Soos in vers 8 was daar destyds dikwels sprake van verset en ongehoorsaamheid by Israel. Is dit ook die geval by die lesers van Hebreërs? [vgl.2:1,3].

     .....

     .....

3. Die Bybel is meer as 'n historiese boek. Dit gaan om die lewende God wat deur die Bybel met ons praat. Waaruit word dit duidelik in vers 7?

   .....

   .....

4. Lees Deut.12:10 en Eks.6:3.
   "In my ***rus*** sal hulle beslis nie ingaan nie" [Heb.3:11].
   Wat is hierdie rus?

   .....

5. Vir die tweede keer word die gemeente as broers aangespreek. Daarmee wil die skrywer hulle iets baie belangriks op die hart druk in vers 12. Wat moet hulle doen?

   .....

   .....

6. Wanneer die skrywer van die lewende God praat [v12], stel hy ''n ongelooflik belangrike saak aan die orde. Die woord lewend beteken God is ''n energieke, dinamiese God, wat is wat Hy is, die bron van die lewe [Ps.36:10]. Wie afvallig word draai daarom nie maar sy rug op geloof of godsdiens nie, maar op die lewe self. Wat is ons verantwoordelikheid teenoor 'n afvallige lidmaat?

   .....

   .....

7. Die woorde *vandag* in vers 7 en 13 is uiters belangrik. Lees die twee verse en verduidelik wat u onder *vandag* verstaan.

   .....

   .....

8. Gelowiges is nie willose slagoffers van die sonde nie. Hulle kan ook positief kies en enduit volhard. Die Griekse woord wat hier met volhard vertaal word beteken om styf vas te hou [vgl.3:6]. Waaraan moet gelowiges vashou?

   .....

   .....

****

AANTEKENINGE HEBREËRS 3:7-19.

Hebreërs 3:7-4:13 is 'n pragtige voorbeeld van 'n eerste-eeuse preek. Voorop staan 'n preekteks uit die Ou Testament [3:7-11], gevolg deur 'n preekboodskap met twee hoofpunte:

- 'n waarskuwing [3:12-19] en daarna 'n aanmoediging [4:1-11].

Teen die einde volg die preekslot [4:12-13].

1. Psalm 95:7-11 verwys na Israel se uittog uit Egipte en die 40 jaar swerftog in die woestyn. Hierdie woestynervarings was diep in Israel se volksgeheue ingekerf. Daarom kry ons in die Bybel soveel terugverwysings daarna [Ps.95:7-11; Neh.9:9-25]. Ook Paulus gebruik die woestyntog om ernstig met sy lesers te praat [1 Kor.10:1-13]. Hebreërs maak juis van Ps.95:7-11 gebruik. Hierdie psalm is by die tempel voorgedra waar die volk byeen was. Daar is hulle in die woorde van Psalm 95 telkens voor 'n keuse gestel: sou hulle hulle [soos die volk in die woestyn] teen God verhard, of sou hulle tot inkeer kom.
2. Ons beloofde land is die hemel en die nuwe aarde by God. In Hebreërs word dit genoem die toekomstige wêreld [2:5; 6:5] en ons Vaderland [11:16].
   - Ons lewe op aarde word telkemale in die Bybel as ‘'n woestynreis getipeer [Op.12:6 ev] juis as gevolg van die gebrokenheid van die sonde. Die volle heerlikheid kom eers na die dood. Juis om die rede is voorspoedevangelie nie Bybelgefundeerd nie. Daarmee saam vergeet hulle van Moses, Jeremia, Petrus en Paulus om nie van Jesus Christus self te praat nie. Hulle lewe was alles behalwe 'n luukse avontuur. Daar kleef altyd 'n stuk woestynbestaan aan ons lewe.
   - Ongehoorsaamheid en die neiging na ongeloof was die kernprobleem van hierdie gemeente. Daarom die voortdurende oproep om terug te keer na die evangelie.
3. Elders in die Nuwe Testament word ‘'n aanhaling uit die Ou Testament gewoonlik ingelei met *daar staan geskrywe.* Hebreërs gaan verder. Die skrywer sê dit is die Heilige Gees wat hier aan die woord is. *Daar staan geskrywe* skep 'n sekere afstand tussen Skrifteks en die hoorder. In Hebreërs is die Gees nou besig om deur die Skrifwoord met die gemeente te praat [vgl.10:15]. Op sy eie treffende manier hanteer Hebreërs die Ou Testament nie as 'n veraf boek nie, maar as die lewende stem van die Gees van God wat hier en nou met die gemeente besig is. Volgens 1:1, 5-8 en 13 is God die sprekende Een. Ook Christus word in Hebreërs so voorgestel [2:12; 10:5]. Nou praat ook die Heilige Gees.
4. Vir Israel was dit die land Kanaän. Volgens vers 11 was Kanaän bedoel om in 'n dubbele sin die land van rus te wees. Na soveel omswerwinge en stryd sou Israel self in Kanaän rus vind. Terselfdertyd sou die Here op Sionsberg, in die hartjie van die beloofde land, sy rusplek ontvang [Ps.132:14].
5. As lede van God se huisgesin moet hulle verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar [v12-13]. Dit is tog waarvoor broers en susters daar is. Op die wyse moet hulle keer dat medegelowiges ongelowig word of van die lewendige God afvallig.
6. Eie antwoord.
7. Hierdie vandag is meer as 'n datum op 'n almanak. Dit is 'n dag van beslissing. Volgens vers 13 kan dit die laaste dag van genade wees. Elke gelowige moet vandag nog reageer op sy gesindheid en verhouding met God.
   In vers 13 word vandag opgevolg met elke dag. Die gelowiges moet mekaar elke dag aanspoor omdat daardie dag die laaste dag van genade kan wees.
8. Gelowiges moet enduit styf bly vashou aan hulle vertroue op God. Hulle moet met alles wat hulle het, steeds bly vertrou. Gebrek aan vertroue lê aan die wortel van die Hebreërgemeente se probleem. Geloof is immers, volgens die Heidelbergs Kategismus, kennis en vertroue. Neem die vertroue weg en geloof is niks.